INTERNASIONALE SEKONDÊRE SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2024

# AARDRYKSKUNDE: VRAESTEL I
# NASIENRIGLYNE

Tyd: 3 uur 200 punte

---

**Hierdie nasienriglyne is voorberei vir gebruik deur eksaminatore en hulpeksaminatore, wat 'n standardiseringsvergadering moet bywoon ten einde te verseker dat die riglyne konsekwent geïnterpreteer en toegepas word gedurende die nasien van kandidate se skrifte.**

**Die IEB sal nie in enige gesprek treë of korrespondensie voer oor enige nasienriglyne nie. Daar word toegegee dat daar verskillende menings oor sekere sake van beklemtoning of detail in die riglyne mag voorkom. Daar word ook toegegee dat indien die standardiseringsvergadering nie bygewoon word nie, daar verskillende interpretasies van die toepassing van die nasienriglyne kan wees.**

---

IEB Copyright © 2024

## VRAAG 1 GEÏNTEGREERDE VRAAG: OOS-KAAP, SUID AFRIKA

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.1 | **Geografiese Vaardighede en Tegnieke** | | |
| 1.1.1 | Noem die land wat aan die Oos-Kaap grens. | LESOTHO | |
| 1.1.2 | Noem TWEE stedelike gebiede, buite die grense van hierdie kaart, waarheen die N1 nasionale hoofweg lei. | BEAUFORT-WES & BLOEMFONTEIN | |
| 1.1.3 | Wat is die rigting van Port St Johns van Gqeberha af? | NO / ONO | |
| 1.1.4 | Verduidelik die betekenis van die volgende kaartsimbole:<br>(a) <br>(b)  | (a) BOSBOU / PLANTASIE<br>(b) STRAND / ONTSPANNING | |
| 1.1.5 | (a) Lys TWEE GIS attribute data wat geassosieer kan word met die vervoernetwerke in die tabel met afstande (Figuur 1.1B).<br><br>(b) Bespreek hoe die tabel (Figuur 1.1B) toeriste behulpsaam kan wees met die beplanning van hulle besoek aan die Oos-Kaap. | (a) Afstand van pad / soort pad (geteer / grond) / Toestand van pad; beskikbaarheid van vulstasies / restaurante/ dienste<br><br>(b) Hulle kan die afstand wat gery moet word vanaf die tabel kry en dit gebruik om hulle brandstof te beplan / verversings / tyd wat dit sal neem / koste van die reis… (enige redelike en toepaslike antwoord) | Gee krediet vir antwoorde wat toepaslik is. |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.2 | **Geomorfologie** | | |
| 1.2.1 | Sê of elk van die volgende stellings WAAR of VALS is. Skryf jou antwoord in die tabel hieronder neer. | | |
| | (a) Die kenmerk wat A gemerk is, is die 'roofelmboog' | WAAR | |
| | (b) Die kenmerk wat B gemerk is, is die 'droë poort'. | WAAR | |
| | (c) Die Kromrivier sal die roofstroom wees. | VALS | |
| | (d) Stroomroof kan ontstaan as gevolg van terugsnydende erosie. | WAAR | |
| 1.2.2 | Kies die korrekte woord om die volgende stellings waar te maak. Skryf slegs die korrekte woord neer in die spasie wat daarvoor toegelaat is. | | |
| | (a) Die dreineerpatroon van die Gamtoosrivierstelsel is hoofsaaklik DENDRITIES / PARALLEL / RADIAAL / SENTRIFUGAAL | PARALLEL | |
| | (b) Die dreineerpatroon ((a) hierbo) word veroorsaak deur PLOOIING/ PLAAT-TEKTONIKA / VULKANISME / MENSLIKE OORSAKE | PLOOIING | |
| 1.2.3 | (a) Kontrasteer die afloop van die Gamtoosrivier en dié van die Kromrivier. Verduidelik jou antwoord deur te verwys na Figuur 1.2A. | Gamtoosrivier sal verhoogde afloop hê (1) as gevolg van die stroomroof in die bolope van die opvangsgebied (1). Vermindering van afloop van die Kromrivier (1) weens die verandering in die bolope as gevolg van stroomroof (1). Gamtoosrivier se dreineerbekken sal groter wees; Kromrivier se dreineerbekken sal kleiner wees. | |
| | (b) C en D (sien Figuur 1.2A) is geïdentifiseer as twee moontlike standplase vir 'n nuwe dam in die Gamtoosrivier. Evalueer die optimale ligging vir 'n dam in hierdie | By D. Verder stroomaf om meer water te kan stoor. Sou kandidaat C voorstel: aanvaar die antwoord indien die motivering geografies korrek / logies is. | 1 vir D; 1 vir motivering |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | | rivierstelsel deur te kies uit C of D. Staaf jou antwoord deur na Figuur 1.2A te verwys. | | |
| 1.2.4 | (a) | Noem die dam in die Oranjerivier wat die bron is vir die wateroordragskema. | Gariepdam | |
| | (b) | Identifiseer TWEE verskillende tipes infrastruktuur wat gebruik word om water in hierdie waterskema oor te dra. | Tonnels en kanale | |
| | (c) | Stel 'n rede voor waarom dit noodsaaklik is om water oor te dra vanaf die Oranjerivier na die Sondagsrivier. | Vraag na water in die Oos-Kaap -nywerhede en huishoudelik. Droogte in die Oos-Kaap. Nie genoeg water in / afloop na die Sondagsrivier. | |
| | (d) | Verwys na Figuur 1.2B en verduidelik waarom swak bestuur van die water-kwaliteit in Graaff-Reinet en Jansenville 'n impak sal hê op die waterkwaliteit in Gqeberha. | Graaf-Reinet en Jansenville is stroomop van Gqeberha. (1) Dus sal rioolwater, besoedelde water (2) van hierdie dorpe stroomaf vloei en 'n impak op Gqeberha hê(1). Graaf-Reinet en Jansenville is nader aan die boloop wat minder deur mense beïnvloed word. | Moet begrip toon van die impak van menslike aktiwiteite stroomop op dele wat stroomaf is. 2 punte vir rigting, 2 punte vir die impak |
| | (e) | Verduidelik waarom 'n wateroordrag- skema gesien kan word as 'n tipe stroomroof. | Wateroordragskemas voer water van een dreineerstelsel na 'n ander dreineerstelsel nes die roof van 'n stroom se hoofwaters. | |
| 1.3 | KLIMATOLOGIE | | | |
| 1.3.1 | Pas die letters A tot D in Figuur 1.3 by die weerskenmerke hieronder. Skryf slegs die toepaslike letter in die spasie toegelaat. | | | |
| | (a) | 'n verlengde laagdruk trog | D | |
| | (b) | Suid-Atlantiese antisikloon | A | |
| | (c) | middelbreedte depressie | C | |
| | (d) | kuslaagdruk | B | |
| 1.3.2 | (a) | Gee die windrigting in Gqeberha. | Suidwes SW | |
| | (b) | Verklaar jou antwoord in Vraag 1.3.2 (a), deur te verwys na metereologiese bewyse wat gesien kan word op Figuur 1.3. | Kloksgewyse rotasie rondom die kuslaagdruk (Suidelike Halfrond). Lugdrukgradiënt vanaf die binnelandse HD na die kuslaagdruk | |
| | (c) | Daar sal 'n verandering in die weersomstandighede in Gqeberha in die | | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | volgende 48 uur wees. Lys die veranderinge wat heel moontlik sal plaasvind vir die volgende weerelemente in die tabel hieronder. | | |
| | WEERELEMENT | VERANDERING IN DIE VOLGENDE 48 UUR | |
| | LUGTEMPERATUUR | Daling | |
| | WINDRIGTING | Krimping in 'n suidelike rigting | |
| | WOLKBEDEKKING | Toename | |
| | REËNVAL | Verhoging | |
| | (d) Verduidelik waarom die veranderinge wat in die tabel hierbo genoem is sal voorkom. | Verbygaande koue front. Koue veroorsaak daling in temperatuur, opheffing van lug lei tot kondensasie, wolkvorming en reënval. Krimping van lug rondom die laagdruk verander die windrigting antikloksgewys. | |
| 1.3.3 | (a) Verduidelik waarom daar by die weerstasies in die Noord-Kaap (Figuur 1.3) bewolkte toestande is. | Laagdruktrog oor die binneland veroorsaak stygende lug en kondensasie – wolkbedekking. | |
| | (b) Waarom is hierdie bewolkte toestande (1.3.3 (a)) ongewoon vir die winter? | Die atmosferiese toestande op die plato word gewoonlik oorheers deur die dalende lug oor die binneland / Kalahari HD wat verhoed dat lug styg en kondenseer. Gewoonlik onbewolkte blou lug. | |
| 1.4 | NEDERSETTING | | |
| 1.4.1 | (a) Klassifiseer hierdie nedersetting volgens die volgende kriteria. Skryf jou antwoord neer in die spasies toegelaat. Kies EEN opsie uit die gegewe moontlikhede.<br><br>Gekernd / Verspreid / Liniêr / Kruispad<br><br>Kommersieel / Bestaans / Gespesialiseerd / Gemeganiseerd | Verspreid<br><br>Bestaans | |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | (b) | Identifiseer EEN probleem wat deur die inwoners van hierdie nedersetting ondervind word. Gee bewyse vanaf die foto om jou antwoord te staaf. | Gebrek aan watervoorsieningsnetwerk / munisipale water – inwoners gaan haal water in houers / droogte / droë omgewing / onvoldoende reënval. | Krediet word gegee vir enige probleem wat gestaaf kan word met bewyse op die foto. |
| | (c) | Stel EEN oplossing voor vir hierdie probleem wat in Vraag 1.4.1 (b) geïdentifiseer is. | Gaan die antwoord in Vraag 1.4.1(b) na. Munisipaliteite voorsien water – pypleidings. Boorgate. Neem droogtes in berekening... bou damme, wateroordragskemas, boorgate, windpompe | Antwoord moet strook met die kandidaat se antwoord in Vraag 1.4.1(b) |
| 1.4.2 | (a) | Klassifiseer elk van die volgende beelde van nedersettings waarna verwys word in die Feitelêer as tradisioneel, formeel of informeel. Skryf jou antwoord neer op die lyntjie langs elke beeld | | |
| |  | | Informeel | |
| |  | | Formeel | |

IEB Copyright © 2024 

| | | | |
|---|---|---|---|
| |  | Tradisioneel | |
| | (b) Lys TWEE tipes dienste wat ontwikkel sal moet word om 'n informele nedersetting te formaliseer. | Teer die paaie / bou die infrastruktuur wat nodig is vir watervoorsiening en toilette / elektrisiteit voorsien / sosiale dienste, bv. skool, kliniek / huise wat op formele manier gebou is (enige 2 geldige antwoorde) | |
| | (c) Verduidelik waarom die munisipaliteit 'gesê het dat geen nuwe okkupasies wat gedoen is vanaf Mei 2021 sal deur die Raad erken word nie'. (Feitelêer) | Munisipaliteit het 'n beperkte begroting. Hulle kan nie vir altyd aanhou om informele nedersettings te erken en te formaliseer nie. Administratiewe redes; logistieke. | |
| 1.5 | Ekonomiese Geografie | | |
| 1.5.1 | (a) Met verwysing na die artikel, identifiseer die vernaamste tipe veeboerdery in die Oos-Kaap. | Beesboerdery | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | (b) Stel voor hoe die volgende faktore die toestand en algehele gesondheid van die grasveld in die provinsie kan beïnvloed:<br>(i) Klimaatsverandering<br><br>(ii) Indringerplantegroei | Verhoogde temperature, lang droogtes wat meer gereeld voorkom, al hoe meer beskadigde grasvelde lei tot 'n toename in gronderosie.<br><br>Indringerplantegroei gebruik meer water as inheemse spesies / groter brandgevaar | |
| | (c) Verduidelik hoe opvoeding die bestuur van grasvelde in die Oos-Kaap en in ander streke in suidelike Afrika kan verbeter. | Verbeterde boerderypraktyke, gesonder beeste, groter volhoubaarheid vir grasvelde, verstaan van eertydse tradisionele metodes. | |
| | (d) Voorspel die impak van goeie omgewingsbestuur sal hê op die lewenstandaard van die mense wat in hierdie streek bly. Verduidelik jou antwoord deur na die teks te verwys. | Beter praktyke = gesonder grasvelde en gesonder vee, verkoop teen 'n hoër prys, groter inkomste verbeter lewenstandaard, groter inkomste, verbetering in voeding. | Moet lewenstandaard aanspreek. Moet verwys na die teks. |
| 1.6 | UITGEBREIDE SKRYFWERK | | |
| | • Moet asseblief NIE REGMERKIES MAAK wanneer 'n opstel gemerk word nie – dit verwar die optellers.<br>• In die plek daarvan, onderstreep relevante en toepaslike punte en gebruik die stelsel van kodes. | GEOGRAFIE SE KODES VIR OPSTELLE:<br>E– Uitstekend<br>G – Goed<br>V –<br>Vaag<br>R – Herhalend<br>I – Ontoepaslik<br>F – Aanvaarbaar<br>INHOUD: _______________ onderstreep relevante punte indien korrek Indien korrek word die punt omkring<br>BEWYSE: (<br>) Sit hakkies om | |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | Skryf 'n geografiese opstel waarin jy die sterk en swak punte van die struktuur van die ekonomie van die Oos-Kaap evalueer.<br><br>Gebruik die volgende onderopskrifte in jou opstel: | | | |
| | • Primêre hulpbronne | PRIMÊRE HULPBRONNE (3) – landbou (18.4%) is aansienlik terwyl mynbou (2.1%) slegs 'n klein deeltjie bydra tot die BBP, bosbou en visserye | | |
| | • Sekondêre aktiwiteite en kettingnywerhede | SEKONDÊRE AKTIWITEITE EN KETTINGNYWERHEDE (5) is aansienlik. Verskeie motormonteringsaanlegte soos Volkswagen, Mercedes-Benz, BAIC verskaf 'n groot aantal werksgeleenthede wat dan die inwoners van die gebied in staat stel om hulle geld in hierdie gebied te spandeer. Daar is baie ondersteunende nywerhede soos vervaardiging van motorbande, IT en vervaardiging van onderdele vir motors. Daar is 'n aansienlike farmaseutiese teenwoordigheid in die provinsie. | | |
| | • Werkverskaffing en investering | WERKSVERSKAFFING EN INVESTERING (3) is aansienlik: baie mense is werksaam in die nywerhede. Beleggings deur Duitsland en Sjina (motorvoertuie), VSA (farmaseuties). Hawens van Port Elizabeth en Coega het die infrastruktuur om groot volumes goedere vir uit-en invoere te kan hanteer. | | |

IEB Copyright © 2024

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | • Invoere, uitvoere | INVOERE EN UITVOERE (4): internasionale handelsbande & samewerking / buitelandse valuta verdien deur verkope wat uitgevoer word / uitdagings met hawens en infrastruktuur – pad / spoor. | | |

| KRITERIA |
|---|
| **Skryfvaardighede**<br>• Neem struktuur en aanbieding in ag.<br>• Gebruik kort inleiding en slot.<br>• Logiese bespreking en gebruik van onderopskrifte. |
| **Inhoudskennis**<br>• Korrekte gebruik van geografiese terme en begrippe.<br>• Hou by onderwerp en onderopskrifte.<br>• Riglyne vir punte toekenning van die inhoudskennis:<br>– Primêre hulpbronne (3)<br>– Sekondêre aktiwiteite en kettingnywerhede (5)<br>– Werkverskaffing en investering (3)<br>– Invoere, uitvoere en vervoer infrastruktuur (4) |
| **Ondersteunende bewyse – ontleding en begrip**<br>• Die vermoë om die onderwerp te analiseer en evalueer word in hierdie kategorie geassesseer.<br>• Verwysing na gevallestudiemateriaal/ feitelêer / bronmateriaal wat gegee is.<br>• Indien toepaslik moet verwys na bekende / plaaslike of ander voorbeelde. |

IEB Copyright © 2024 

| KRITERIA | Vlak 3<br>Uitstaande – Goed | Vlak 2<br>Bevredigend | Vlak 1<br>Swak |
|---|---|---|---|
| **SKRYFVAARDIGHEDE**<br>Neem struktuur en voorstelling in aanmerking.<br>Gebruik kort inleiding en slot.<br>Logiese bespreking en gebruik van onderopskrifte.<br><br>[5 punte word aan hierdie komponent toegeken.] | Gepaste inleiding en slot.<br>Gesofistikeerde, samehangende en gestruktureerde skryfwerk.<br>Opstel is kort, goed-gestruktureerd en kernagtig.<br><br>[4–5 punte] | Inleiding en slot teenwoordig, alhoewel nie ideaal nie.<br>Pogings om te hou by die onderopskrifte en paragrawe te gebruik.<br>Verslag dwaal by tye van die punt af en skiet tekort aan bondigheid.<br><br>[2–3 punte] | Skryfwerk is swak en amper onverstaanbaar.<br>Geen inleiding of slot word voorsien nie.<br>Geen gebruik/navolging van onderopskrifte nie.<br>Lang sinne, swak grammatika en oneffektiewe gebruik van paragrawe.<br>Verslag is herhalend.<br>Kolpunte is dalk gebruik.<br>[0–1 punte] |
| **Inhoudskennis**<br>Korrekte gebruik van geografiese terme en begrippe<br>Hou by onderwerp en onderopskrifte.<br>[15 punte word aan hierdie komponent toegeken] | Die antwoord assesseer die toepaslike inhoudskennis goed en die bespreking van die onderwerp is in diepte gedoen.<br>Die evaluasie is effektief en was volhou. Daar is 'n goeie slot.<br>Die antwoord lewer bewys van kennis van voorbeelde en 'n sterk begrip van die konsepte van die onderwerp.<br>Voorbeelde wat gebruik is is toepaslik en geïntegreer met die antwoord.<br>Goeie gebruik van geografiese terme en begrippe.<br>Enige aantal toepaslike feite word per onderopskrif gegee.<br>10 punte sal vir die kandidaat toegeken word indien daar <u>minimum</u> van 2 punte per onderopskrif genoem is.<br>Indien verder uitgebrei word sal 'n addisionele 2 punte toegeken word.<br>[11–15 punte] | Antwoord demonstreer kennis en begrip.<br>Daar is wel sommige relevante inhoud.<br>Die antwoord is net in breë trekke,<br>Daar is wel beperkte verduidelikende inhoud en 'n slot.<br>Die basis waarop die antwoord gebaseer is is wel korrek, en begrip word bewys met die gebruik van die voorbeelde.<br>Oorsigtelike/ algemene bespreking van die kern-kwessies.<br>Bewys van algemene begrip van die onderwerp, maar daar is tog wel foute en vaagheid in die bespreking.<br>Gebruik van geografiese terme en konsepte is baie basies.<br>50–60% van die verwagte feite word per onderopskrif gegee.<br>1 punt per onderopskrif, of 2 punte word gegee en slegs 2 paragrawe<br>[6–10 punte] | 'n Paar algemene punte rakende die onderwerp word gemaak.<br>'n Beskrywende antwoord, wat bestaan uit 'n paar eenvoudige punte.<br>Kennis is basies en die begrip mag swak wees en nie van toepassing wees op die onderwerp nie.<br>Afwyking van die onderwerp af.<br>Swak begrip van konsepte en terminologie.<br>Geïsoleerde en generiese elemente van die kennis en begrip van die onderwerp.<br>Oppervlakkige/ swak bespreking<br>Omtrent geen toepaslike feite/ onderopskrif.<br><br>[0–5 punte] |


IEB Copyright © 2024

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Ondersteunende bewyse – ontleding en begrip**<br>Die vermoë om die onderwerp te ontleed en evalueer word in hierdie kategorie geassesseer.<br>Verwysing na gevallestudie-materiaal/ feitelêer/ bronmateriaal verskaf.<br>Indien toepaslik, moet verwys word na bekende /plaaslike of ander voorbeelde.<br>[5 punte word aan hierdie komponent toegeken.] | Die kandidaat is daartoe in staat om toepaslik te redeneer en evalueer.<br>Daar is goeie bewys van akkurate toepassing van begrip en bewyse word verskaf.<br>Verslag demonstreer begrip en integrasie van toepaslike gevallestudie/ feitelêer/ bronmateriaal in die konteks van die verslag.<br>Bewyse nodig van ontleding van inhoud en hoërorde integrasie.<br>[4–5 punte] | Oppervlakkige verwysings word na die gevallestudie / feitelêer/ bronmateriaal gemaak.<br>Alhoewel na ondersteunende voorbeelde verwys word, is dit nie duidelik dat die leerder 'n goeie begrip van die voorbeeld/ gevallestudie se materiaal het nie.<br>Ondersteunende bewyse is nie altyd van toepassing op die onderopskrif of konteks van bespreking nie.<br>Bespreking het geen diepte nie.<br>[2–3 punte] | Beperkte tot geen verwysing na gevallestudie / feitelêer / bronmateriaal nie.<br>Voorbeelde word nie verskaf nie.<br>Het min of geen geografiese betekenis.<br>Min ontleding of begrip.<br>Demonstreer minimale begrip van die onderwerp.<br>[0–1 punte] |

## VRAAG 2 KLIMAAT, WEER EN GEOMORFOLOGIE

| | | | |
|---|---|---|---|
| 2.1 | **Terminologie van Klimatologie** | | |
| | Kies die korrekte definisie in Kolom B om te pas by die term in Kolom A. Skryf slegs die gekose letter neer in die spasie toegelaat, bv. 2.1.1 G. | | |
| | 2.1.1 Krimping | F | F die proses van anti-kloksgewyse windrigtingverandering rondom 'n laagdruk in die Suidelike Halfrond. |
| | 2.1.2 Rif | D | D 'n verlengde gebied van hoë druk. |
| | 2.1.3 Siklonies | A | A term vir weerstoestande wat stormagtig is, wolke en reënval meebring. |
| | 2.1.4 Warm sektor | E | E die gebied tussen 'n koue en 'n warm front. |


IEB Copyright © 2024

| | | | |
|---|---|---|---|
| 2.2 | **Valleiklimate** | | |
| 2.2.1 | (a) Teken die winde wat verby die lodge gedurende die nag / baie vroeg in die oggend sal waai op die skets hieronder. |  | |
| | (b) Noem die wind wat verby die lodge in die nag / baie vroeg in die oggend waai. | Katabatiese / bergwind | |
| | (c) Verduidelik waarom die wind in die rigting, soos wat jy dit geteken het op die skets (bladsy 21), waai. | Daar is aardstraling vanaf die boonste valleihellings en die temperatuur daal. Lug raak swaar en beweeg in die vallei af. | |
| 2.2.2 | Verwys na Figuur 2.2 en gee TWEE klimatologiese redes vir die ligging van die lodge. | Noordgerigte hellings om die sonlig ten volle te benut; in die middel van die helling om die inversielaag in die nag te benut; termiese gordel. | |
| 2.2.3 | Verduidelik waarom die sigbaarheid in die valleibodem (Figuur 2.2) heel moontlik vroeg in die oggend swak sal wees. | Mis sal moontlik in die nag vorm as gevolg van die verlaging in temperatuur wat kondensasie meebring. | |


| | | | |
|---|---|---|---|
| 2.3 | **Subtropiese antisiklone en verwante toestande** | | |
| 2.3.1 | Gee die seisoen wat voorgestel word op die sinoptiese weerkaart (Figuur 2.3A). | Somer | |
| 2.3.2 | Gee EEN bewys vanaf die sinoptiese weerkaart om jou antwoord in Vraag 2.3.1 te staaf. | Hoë temperature / LD trog oor die binneland / Antisiklone meer suidwaarts geleë; goed ontwikkelde LD stelsel O van Madagaskar, datum van die waarskuwing is Januarie | |
| 2.3.3 | Gee en verklaar die windrigting by weerstasie A op Figuur 2.3A. | Vanuit die SO; anti-kloksgewyse beweging rondom die HD (Suidelike Halfrond) | |
| 2.3.4 | Lys TWEE maniere waarop die hittegolf die omgewing beïnvloed. | Droog die plantegroei uit; moontlikheid van veldbrande; vee. | |
| 2.3.5 | Verduidelik hoe die Suid-Atlantiese antisikloon bygedra het tot die ontwikkeling van die hittegolf. | Dalende lug verhit adiabaties | |
| 2.3.6 | Stel maatreëls voor wat die owerhede vir mense kan gee oor hoe om na hulle gesondheid om te sien gedurende die hittegolf. | Bly gehidreerd; dra koel klere; bly in die skaduwee.(Aanvaar redelike geografiese antwoorde) **OF** radio / tv uitsendings, sosiale media plasings (Aanvaar redelike tipes kommunikasie) [Vaardighede van geografiese analise en sosiale kommunikasie word beide gedek] | |
| 2.4 | **Geomorfologie** | | |
| 2.4.1 | Terminologie.<br>Vir elk van die stellings hieronder moet die opsie wat die mees korrekte is gekies word. Skryf slegs die letter van die korrekte antwoord in die spasie daarvoor toegelaat neer. | | |
| | (a) Hoë grond wat dreineerbekkens skei staan bekend as: | D | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | A riwwe<br>B opvangsgebied<br>C oorsprong<br>D waterskeiding | | |
| | (b) Watter een van die volgende definieer die proses van abstraksie die beste?<br>A Erosie wat in die rigting van die oorsprong beweeg.<br>B Erosie wat veroorsaak dat die waterskeiding se posisie skuif<br>C Afwaartse erosie wat ingesnyde meanders veroorsaak.<br>D Erosie wat op die buitebuig van die meander plaasvind. | B | |
| | (c) 'n Stroom wat slegs na 'n episode van swaar reënval vloei is:<br>A Episodies<br>B Standhoudend<br>C Seisoenaal<br>D Eksoties | A | |
| | (d) Watter TWEE van die volgende faktore sal tot verhoogde afloop lei?<br>A geleidelike gradiënt<br>B steil gradiënt<br>C yl plantegroei<br>D digte plantegroei | B + C | |

IEB Copyright © 2024

| | | | |
|---|---|---|---|
| 2.4.2 | Vir enige gegewe dreineerbekken, verduidelik die verband tussen stroomorde en …<br>(a) die stroomlengtes.<br>(b) die grootte van die dreineerbekken. | Hoe hoër die stroomorde hoe langer die stroom.<br><br>Hoe hoër die stroomorde hoe groter is die dreineerbekken | |
| 2.4.3 | **Howick-valle** | | |
| | Teken 'n goed-benoemde skets in die spasie hieronder om te verduidelik hoe die waterval met verloop van tyd stroomop sal beweeg. | Diagram   | |
| 2.4.4 | **Die dreineerbekken van die Mngenirivier** | | |
| | (a) Wat is die algemene rigting waarin die Mngenirivier vloei? | SO / OSO | |
| | (b) In watter oseaan mond die Mngenirivier uit? | Indiese Oseaan | |
| | (c) Noem een sytak van die Mngenirivier | Msunduzi | |
| | (d) Stel TWEE funksies van die Inanda- en Midmardam voor. | Opgaar van water / vloedbeheer/ ontspanning/ besproeiing, landbou, huishoudelike gebruik | |

IEB Copyright © 2024 

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | (e) | Gebruik die spasie hieronder en teken 'n skets van die lengteprofiel van die Mngenirivier vanaf sy oorsprong tot by die mond. Benoem die permanente basisvlak en een tydelike basisvlak van die Mngenirivier op die lengteprofiel. |  | 1 = skets, 1 - TBV, 1 = PBV (3) |
| | (f) | Bereken die stroomorde van die Mngenirivier by die punt waar dit binne in die oseaan uitmond. Skryf jou antwoord op die lyn voorsien. | | |
| | (g) | Verduidelik hoe kennis van die stroomorde plaaslike owerhede kan help om oorstromings binne die rivierbekken te beheer. | Hoe hoër die stroomorde hoe groter die volume water in die stroomkanaal. Stroomorde kan die owerhede help om die gebiede met die hoogste risiko vir 'n oorstroming te bepaal, en om dan te beplan om hierdie risiko te beheer, bv ontruiming, bou van levées, ens. ENIGE REDELIKE ANTWOORD. | |

## VRAAG 3 NEDERSETTING (LANDELIK EN STEDELIK) EN EKONOMIESE GEOGRAFIE

| | | | |
|---|---|---|---|
| 3.1 | **Terminologie van Nedersettings**<br>Kies die korrekte term uit die gegewe opsies om die stelling waar te maak. Skryf slegs die korrekte term neer in die spasie daarvoor toegelaat. | | |
| | (a) Die beweging van mense en besighede vanuit die sentrale sakekern na die verwyderde voorstede staan bekend as **sentripetale / sentrifugale / sentralisasie / stedelike verval krag** | sentrifugale | |
| | (b) Die toename in die stad se grondgebied word beskryf as **verstedeliking / stadspreiding / landelike-stedelike randgebied / stedelike verval** | Stadspreiding | |
| | (c) Besighede wat geleë is langs 'n vervoerroete vorm deel van **veelkern ontwikkeling / konsentriese ontwikkeling / lintvormige ontwikkeling / die buffersone**. | Lintvormige ontwikkeling | |

IEB Copyright © 2024 

| | | | |
|---|---|---|---|
| | (d) 'n Gehuggie is 'n voorbeeld van 'n **laer-orde / middel-orde / hoër-orde gespesialiseerde** nedersetting. | Less | |
| 3.2 | **Landelike nedersetting**<br>Verwys na die foto en die Feitelêer van Franschhoek om die volgende vrae te beantwoord. | | |
| 3.2.1 | Wat is die <u>standplaas</u> van die dorp, Franschhoek? | Valleivloer/ gelyke grond | |
| 3.2.2 | Wat was die oorspronklike funksie van die dorp wat in 1688 ontstaan het? | Landbou – wynplase, boerdery, primêre aktiwiteite | |
| 3.2.3 | Wat is die betekenis van die woord 'semigrasie', wat in die Feitelêer onderstreep is? | Mense wat van een streek na 'n ander streek in 'n land beweeg. | |
| 3.2.4 | Lys DRIE redes waarom gewilde plattelandse dorpe mense die afgelope paar jaar lok om daarheen te verhuis. | Lewensstyl van 'n klein dorpie / natuurskoon / nie vêr van groter stede af nie / goedere is dikwels goedkoper / toegang tot vars produkte en markte tydens die naweke / minder misdaad/ beter lewenskwaliteit / minder besoedeling / beter belegging | |
| 3.2.5 | Evalueer waarom die beweging van mense na Franschhoek <u>beide</u> positiewe en negatiewe gevolge vir die dorp het. | +we: Meer mense wat gelok word en dan hulle geld daar spandeer. Hulle belê in die dorp deur huise en fasiliteite op te gradeer; ondersteun plaaslike besighede. Ekonomiese ontwikkeling; stimuleer die ekonomie.<br>-we: Toename in die bevolking = groter druk op die fasiliteite en dienste; oorbevolking; die gevoel van 'n klein dorpie gaan verlore, meer besoedeling, pryse styg – baie mense kan dit nie bekostig nie. | TWEE positiewe en TWEE negatiewe redes |

| 3.3 | **Stedelike nedersetting** | | |
|---|---|---|---|
| 3.3.1 | Identifiseer die grondgebruik by A (Figuur 3.3A). | Skool / ontspanning / velde, sport | |
| 3.3.2 | Verwys na die kantoorblokke B en C (Figuur 3.3B) en bespreek die voorkoms van die geboue as 'n oplossing vir 'n probleem wat in alle stede voorkom. | B – gebou is oortrek met plante = help om dit koel te hou, bespaar krag, help om SHE te verklein / verminder. Verminder die stedelike hitte-eiland effek.<br>C – is wit aan die buitekant, reflekteer sonstrale maar nie so effektief soos die plantegroei nie, heel waarskynlik warmer. Sonpanele op die dak om die elektrisiteitsrekening af te bring. Verminder die hitte-eiland effek. | |
| 3.3.3 | Bespreek die voordele van die ligging van die kantoorblok wat D gemerk is (Figuur 3.3A). | Hoogs sigbaar en is geleë by 'n baie besige kruispad om mense sodoende te lok. Kruispad, toeganklik, omliggend is besighede en mense. | |
| 3.3.4 | 'n 'Bruinveld' standplaas word <u>gedefinieer</u> as enige grond waar daar voorheen ontwikkeling was. Dink aan fabrieke wat in onbruik geraak het, oud-modiese kantoorblokke, of enige standplaas waar daar voorheen gewerk was. Voorgenoemde kan gesien word in die gebied wat E gemerk is in Figuur 3.3A.<br><br>Bespreek die voordele van bruinvelde in stedelike ontwikkeling | Herontwikkeling van 'n bestaande standplaas eerder as om 'n nuwe stuk grond te ontwikkel (groenveld). Mag koste bespaar, bv water-/ elektrisiteitsvoorsiening, bestaande paaie en infrastruktuur is alreeds in plek. | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 3.4 | **Ekonomiese terminologie**<br>Kies die MEES korrekte term wat ooreenstem met die definisie in elke vraag. Skryf jou antwoord in die spasie daarvoor toegelaat hieronder. | | |
| 3.4.1 | Die gespesialiseerde boerderypraktyk wanneer daar met slegs een produk geboer word.<br>(a) pastorale<br>(b) ekstensiewe<br>(c) besproeiings<br>(d) monokultuur | (d) monokultuur | D |
| 3.4.2 | Die proses waartydens waarde deur vervaardiging tot die mineraal wat ontgin word toegevoeg word.<br>(a) agglomerasie<br>(b) waardetoevoeging<br>(c) subsidiëring<br>(d) nasionalisasie | (b) waardetoevoeging | B |
| 3.4.3 | Nywerhede wat op enige plek gevestig kan word omdat hulle nie spesifieke hulpbronne of infrastruktuur nodig het nie.<br>(a) ongebonde<br>(b) swaar<br>(c) ligte<br>(d) grootmaat | (a) ongebonde | A |

IEB Copyright © 2024

| | | | |
|---|---|---|---|
| 3.4.4 | Die verband tussen die waarde van 'n land se in- en uitvoere.<br>(a) nasionalisasie<br>(b) handelsbalans<br>(c) vragverbreking<br>(d) waardetoevoeging | (b) handelsbalans | B |
| 3.5 | **Nywerhede** | | |
| 3.5.1 | Voltooi die breinkaart hieronder deur uit te brei op die faktore wat die ligging van 'n nywerheid in enige suidelike Afrikaland beïnvloed. | **FAKTORE WAT DIE LIGGING VAN NYWERHEDE BEÏNVLOED**<br><br>**TOPOGRAFIE**<br>Gelyke grond om die moneteringsvlakke waterpas te hou<br>Makliker om die goedere te vervoer<br><br>**GRONDSTOWWE**<br>Grondstowwe wat groor in volume is sal naby moet wees, bv minerale<br>Markgerigte produkte kan nader aan die stede gelee wees<br><br>**WATERVOORSIENING**<br>Krities vir alle produksie – moet naby 'n rivier / dam wees<br><br>**VERVOERKETTINGS**<br>Moet naby spoor / pad / lughawe / hawe wees om die vervoer van grondstowwe en vervaardigde goedere na die mark moontlik te kan maak | Gee krediet vir punte wat geografies relevant is.<br><br>2 punte per opskrif |
| 3.6 | **Mynbou** | | |
| 3.6.1 | (a) Identifiseer die tipe mynbou wat hier plaasvind. | Oopgroefmyne | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | (b) Voltooi die tabel hieronder deur die voor- en nadele van hierdie mynbou metode te verduidelik. | <table><tr><th>VOORDELE</th><th>NADELE</th></tr><tr><td>Veiliger as ondergronds</td><td>Veroorsaak lugbesoedeling</td></tr><tr><td>Kan meer reserwes ontgin<br>Moontlik gekoper<br>Direkte toegang tot minerale</td><td>Onooglik<br>Die omgewing word beskadig/verniel<br>Het beperkinge – kan net tot op sekere diepte gaan</td></tr></table> | |
| | (c) Verduidelik waarom dit voordelig is om 'n raffinadery van koper so naby die myn te hê. | Grondstowwe met groot volumes is duurder om te vervoer as die vervaardigde produk. | |
| 3.6.2 | Die vermenigvuldigereffek beskryf hoe een ekonomiese projek die ekonomie van 'n groter streek kan verbeter. Verduidelik hoe die vestiging van die Palaborwa kopermyn die ekonomie en ook die lewenstandaard van die bevolking van hierdie gebied kan verbeter. | Die myn het mense in diens. Die personeel benodig behuising. Residensiële ontwikkelings word gedoen – die skep meer werksgeleenthede. Kleinhandelswinkels is nodig om aan die behoeftes van die mense te voorsien – dit skep meer geld en meer mense het werk. Dienste soos skole / klinieke benodig personeel en dit maak weer geld, werksgeleenthede. Beleggings maak voorsiening vir dienste, infras<br>truktuur en lewenstandaard. Inkomste, lone, salarisse, broodwinner onderhou die familie; gesondheidsorg, elektrisiteit. | |

**Totaal: 200 punte**

IEB Copyright © 2024